HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Spesifieke Oueromsendbrief no 30 van 2019

16 Julie 2019

Noordvaal 2019

Geagte Hokkie-ouer/-voog

Baie geluk met u dogter se prestasie tydens die D12-/D2-hokkieliga.

Hiermee kwalifiseer die spanne om deel te neem aan die Noordvaal-Toernooi wat van **1-3 Augustus** plaasvind.

Die 0/14-span se toernooi vind by *Cornwall Hill College in Irene, Centurion* plaas. Die skool sal vervoer asook twee *gazebos* verskaf en ook help met die reël van middagetes en verversings soos die program dit verlang.

Die 0/15-span se toernooi vind by *Hatfield Christian School, Pretoria plaas.* Die skool sal vervoer asook twee *gazebos* verskaf en ook help met die reël van middagetes en verversings soos die program dit verlang.

Alle spelers moet asseblief die aangehegte vrywaringsvorm voltooi en 'n afskrif van mediesefondsbesonderhede verskaf.

Die program vir Noordvaal sal gestuur word sodra dit beskikbaar is.

Ons nooi u ook hiermee hartlik uit om saam met ons op **29 Julie om 18:00** in die Klubhuis bymekaar te kom om aan die dogters erkenning te gee voor hul deelname aan die Noordvaal kompetisie.

Dogters moet asseblief netjies, in hul formele skooldrag, vir die geleentheid geklee wees. Ouers wat die funksie gaan bywoon, moet asseblief teen 23 Julie laat weet.

Vriendelike Randjiegroete.

S DE KOCK:
Hokkie Organiseerder

P. BOOYSEN: Hoof

TEL : (011) 782 6226/7 • FAKS : 0866 715 203 • MALIBONGWE RYLAAN • POSBUS 77252 FONTAINEBLEAU 2032
E-POS : hsrandb@global.co.za • WEBWERF : www.hsrandburg.co.za